


KAMBRO

**‘n geskiedenis storie in ligte trant**

## Met toestemming van Francois Stemmet is die skrywersverhale wat aan Montagu en distrik gekoppel is, uit sy boek Kambro onttrek

### Badkamerinspeksie (Montagu)

Boetie was ‘n planmaker. Dis nou my oudste broer. En hy’t ons altyd ge-*grind*. Dis nou vir my en my boetie. En hy het goed geweet hy is Pa se witbroodjie. In Pa se oë het Boetie niks verkeerd gedoen nie. As iets verkeerd gegaan het, was dit sonder enige twyfel die ander kinders se skuld. En sy name was reg en dís baie belangrik…maar dis ‘n ander storie. Ons was altyd lief vir hom, maar die meeste van die tyd het ons niks van hom gehou nie. Toe hy in matriek was, was ons almal in die koshuis. Hy’t ‘n pel gehad met die naam Kolie. Ons jonger laities was altyd op soek na dinge wat ons kon slimmer maak. Jy weet, dinge van grootword en so aan. Julle verstaan nou wat ek bedoel. Kyk, as jy darem by jou maters aankom en jy kan hulle ‘n ding van grootword vertel wat hulle nie geweet het nie, dan’s jy vir ‘n week lank die *main* man onder die manne.

So kom dit dat ek en Tomas een aand vir Boetie en Kolie afluister. Hulle praat oor ou Antie Soes. Díe ouvrou was ‘n personeel-lid in die koshuis en sy het die manier gehad om badkamer-inspeksies te doen. Maar kan jy nou vir my glo, nooit wanneer die kleintjies stort of bad nie…nee, wanneer die standerd nege’s en die matrieks in die badkamer is. Dit was dan nou glo al tyd wat sy gehad het om die inspeksie uit te voer. En sy’t dit baie deeglik gedoen ook, moet ek sê. Sy’t altyd so in die gang rondgestaan op so ‘n afstand dat sy die storte kan hoor. En as al die storte oop is, dan kom sy in. Dit was sulke swaaideure…twee van hulle. Dan stamp sy die deure so oop soos die Gestapo en stap reguit deur storte toe. Maar so opgewonde en hups soos wat jy jou net kan verbeel.
En elke stort of bad is deeglik ge-inspekteer. En sy’t altyd ‘n dissiplinêre tipe van gesprek met die seuns aangeknoop wat nou al ‘n bietjie groter was as jy verstaan wat ek bedoel. En as hulle kla, en toehou, dan sê sy;

“Aag man, jy het niks wat ek nog nie gesien het nie.”

Ek weet nou nie of julle nog kan onthou nie, maar as ‘n mannetjie so in matriek kom, selfs standerd nege ook, dan het jy een van twee dinge gedoen. Of jy het af ge*show* in die storte, of jy het toegehou, hang nou net af of jy iets gehad het om af te show. Maar hoe dit ookal sy, Kolie en Boetie was twee van die seniors en die ander seuns het by hulle kom kla. Dis een ding om kaal saam in die storte te wees, maar dis darem ‘n ander ding wanneer ‘n vroumens daar inkom.

Kolie en Boetie het die ding eenkant gaan bespreek, maar nie so eenkant as wat hulle gedink het nie. Soos ek sê het ‘n paar van ons kleintjies hulle afgeluister en presies geweet wat gaan gebeur.

Kolie was ‘n man met gesag en hy het die hele gang se ouens bymekaar geroep, groot en klein.

“Kyk, Manne,” het hy begin. En vir die laities was dit lekker om ‘manne’ genoem te word.

“Kyk, Manne…ons moet nou asseblief almal saamwerk. Vanaand moet julle kleintjies almal vroeg gaan stort. Voor ete nog. Ek wil nie een van julle tot standerd sewe na ete in die storte sien nie. Dan mag net standerd agt, nege en tien gaan stort.”

Ons het geweet om nie vrae te vra nie, want dan kry jy sommer ‘n snotklap. Nee, ons het saamgewerk en vroeg gaan stort. Maar nou was daar so ‘n bietjie geluk aan ons kant. Dis nou die paar van ons wat Kolie en Boetie se gesprek afgeluister het. My en Tomas en ‘n paar ander se kamer was reg langs die badkamer. En ons was nie van plan om die aksie te mis nie. Toe ons hoor hoe ou Antie Soes onder in die gang begin aankom, loer ons by die badkamer in.

“Sy kom!” Kolie en Boetie is in bevel.

Hulle kan nie uitmaak hoe ons weet nie, maar daar is nie nou tyd om uit te vind nie. Al die matrieks is besig om hulle nat te maak onder die storte en behoorlik seep te smeer. ‘n Paar van hulle smeer die hele vloer seep, van die storte af tot by die swaaideure. Die vloer is so nat dat jy nie op hom kan loop nie. Toe gaan staan hulle almal by die storte en wag, gereed vir aksie. Net een staan by die deur om te kyk wanneer die ouvrou aankom, dan moet hy die teken gee.

Ons spannetjie in die kamer doen kamstig huiswerk., maar toe die ouvrou verbykom is ons almal in die *gang*. En dit was ook toe sy daardie deur oopstoot, toe tref omtrent twintig kaalgat seuns haar van voor af. Hulle hardloop en val dan plat op hulle gatte en gly oor die vloer reg op ou Soes af. Sy wil nog probeer wegkom, maar Kolie *tackle* haar om die enkels en die volgende oomblik gly sy saam met die seuns die hele vloer vol.

Ou Soes gil dat die berge antwoord gee, want elke oomblik tref nog ‘n kaal seepgesmeerde seun haar en skree;

“Hoesit antie Soes?”

Die koshuisvader, ou Streepmuis, het die gegil gehoor en kom die gang afgestorm. Hy hoor dit kom van die badkamer se kant af en storm in…hy val bo-oor ou Soes en tussen die kaal seuns in. Hy kyk benoud rond en sê dan asof hy ‘n groot ontdekking gemaak het;

“Julle is kaal.”

Kolie staan versigtig op en kom staan reg voor ou Soes met sy hele toggos oop en bloot.

“Dis ons badkamer meneer.”
Meneer Streepmuis kyk hom met ‘n frons tussen die oë aan.

“Maar wat maak Se…se… Soes hier?”

Soes lê en huil met Kolie wat nog steeds met hangende toggos voor haar staan.

“Dis wat ons ook wil weet, Meneer.”

Streepmuis het vir Soes opgehelp en versigtig oor die nat vloer die huilende vrou uit die badkamer uit begelei.

‘n Week later met teetyd is ou Soes aan diens en toe sy uitkom in die vierkant en Kolie se oog vang, vat hy so aan sy broek en vra;

“Wil jy sien, tant Soes?”

Sy’t natuurlik bedank. Dis nou nie eintlik wat Boetie en Kolie wou gehad het nie. Ek meen, wie gaan nou ons badkamer-inspeksies doen?

--oOo--